

**Skrifgedeelte: 1 Konings 21:1–16 (NAV)**

**Fokusgedeelte: 1 Konings 21:3**

**Nabot – Ons erfdeel is by die Here!**

Een oggend klop koning Agab aan sy buurman, Nabot, se deur. “Gee jou wingerd vir my vir ’n kruietuin, want dit lê net langs my huis; dan gee ek jou ’n beter wingerd in die plek daarvan. Of as jy wil, sal ek jou daarvoor betaal.”

Nabot weier die aanbod. Nabot laat Agab mooi verstaan dat hy meer gehoorsaam is aan die Here as aan mense. Dit was immers Nabot se erfgrond. In werklikheid die Here se grond. So was die Here se reëling met die hele Israel: “Geen grond mag permanent verkoop word nie, want die land behoort aan My. Julle is slegs vreemdelinge en bywoners by My” (Lev. 25:23). Nabot verstaan sy grondbesit as ’n gawe van die Here wat aan sy voorgeslagte toevertrou is sodat dit vir die nageslag bewaar kan bly, en hulle as familie hierdie grond sou bewerk en bewoon asof in diens van God self.

Agab besef dat Nabot in die waarheid leef en nie omkoopbaar is nie. Soos ’n stout seuntjie wat nie sy sin kon kry nie, sluit hy hom in sy kamer toe. Sy vrou, Isebel, neem oor. As prinses uit Fenesië het sy grootgeword met die koning wat goddelike regte gehad het. As die koning praat, gehoorsaam jy. Sy reël ’n vergadering waar twee manne Nabot vals aankla dat hy God en die koning gevloek het. Hy word skuldig bevind, gestenig, en Agab vat sy grond.

God bly egter getrou. Die grootste oordeel tref Agab en Isebel, en God herstel sy kinders se erfdeel. As Jesus ook vals aangekla word van Godslastering, skuldig bevind en gekruisig word, is dit reeds God se wyse van oordeel én genade. Daarmee oordeel Hy die boosheid van sonde en ewige dood wat ons erfdeel by God van ons weggeneem het, en skenk Hy in die opstanding van Christus ons ’n nuwe erfdeel, ons plek in God se Vaderhuis.

God bly getrou. Waar die volk van God se regdeur die wêreld vertrap word, kom herstel Hy dit in Christus vir ewig. Deur sy Gees in ons leef ons nou al in afwagting en in sekerheid van ons erfdeel in God se ewige koninkryk.

*Sing: Psalm 16:1, 3 (1936)*

*Ds. WGM (Willem) Kotze (Rooihuiskraal)*